6 Augustus 2016

BID SAAM MET PAULUS (no 2)


Efs 1:15-23
Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, (16) hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, (17) bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. (18) Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, (19) en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag (20) wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: (21) hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. (22) Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. (23) Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

**Paulus leer ons hoe om te bid tot die genadige God?**

1 DANKSEGGING AAN DIE GENADIGE GOD (VSS 15, 16A)

2 VOORBIDDING OM GOD BETER TE LEER KEN ( 16B,17)

3 VOORBIDDING OM INNERLIKE VERLIGTING (VSS 18-23)



**SAAM-PRAAT:**

1 Waaraan dink jy as jy hoor God is *'n genadige God* ?

2 Wat in Paulus se gebed help jou in jou verdere gebedslewe?

3 Waarom is die verligting van ons geestesoë so belangrik ?

4 Watter bemoediging hou die bede in : dat ons sal besef hoe groot die krag is wat in ons aan die werk is?